

# **Saterdag 19 Junie**

**Skriflesing: Handeling 22:30 – 23:11**

**Fokusgedeelte: Handeling 23:11**

## **Hou moed en getuig!**

Die wilde heidendom dring en dryf en raas in opgewondenheid (Ps. 2) om die evangelie stil te maak. Paulus word van die een verhoor na die ander gestuur om op een of ander wyse 'n klag teen hom te kry en hom stil te maak. Wanneer die Romeinse reg (owerheid) nie 'n houvas op Paulus kan kry nie, word die priesterhoofde en die hele Joodse Raad (kerk) ingeroep om die boodskap van die verlossing in Jesus Christus te stop.

Die amptelike klag van die Jode teen Paulus (21:28-29) het geen grond nie – Paulus het reeds deur die ware feite (wat die Jode ken) dit bewys. Paulus se gewete is skoon oor hoe hy God tot sover gedien het. In sy diens aan God was hy nie vyandig teenoor die volk, die wet en die tempel nie. In sy gewete staan hy voor God en is hy bereid om enige aantygings teen hom op grond van die ware feite aan te hoor.

Al hierdie konfrontasies en vyandiggesindheid is voorbereiding en toerusting vir sy roeping in Rome. God verskyn in die nag aan hom en bemoedig hom. Sy getuienis moet in Rome voortgesit word. In Rome is daar 'n hele aantal Joodse sinagoges wat nie meer bedien word nie. Sy roeping hou in om daar te gaan bedien (vgl. Hand. 28:17 ev).

God roep jou nou - hier waar jy is. Wees vergenoegd met die omstandighede waarin jy is. God het in Christus jou nou hier geroep omdat jy hier nodig is. Die Heilige Gees gee jou die krag wat jy nodig het om jou roeping uit te leef. Hou dus moed en getuig, want daar is baie wat terugdeins en wat soekend is. Wie se knieë knik en wie se arms slap hang. Fokus op Hom, jou Rots. Hy gee vastigheid, beskerming en geloofsperspektief.

*Sing: Psalm 2-1:6*

*Dr. TC de Klerk (Theuns) (Emeritus)*